

"Annexure D"

VERSLAGWAARDIG J/NEE
SIRKULEER ONDER REGTERS J/NEE
SIRKULEER ONDER LANDDROSTE J/NEE

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

KIMBERLEY
SAAK NO.: 1353/2010
DATUM: 28/11/2010

In die saak tussen:

10

Griekwalandwes Korporatief Beperk

Applikant

teen

Marthinus David De Klerk

Respondent

15

CORAM: C.C WILLIAMS :

UITSpraak

20

WILLIAMS R:

- Op die verlengde keerdatum van 'n voorlopige sekwestrasiebevel het ek, na aanhoor van betoë, die voorlopige bevel bekragtig en gelas dat die koste van die aansoek koste in die sekwestrasie is. Die redes vir die bevel volg.

25

2. Die agtergrond tot die aansoek is vervat in my uitspraak rakende die voorlopige bevel en beoog ek nie om dit hierin te herhaal nie. Nadat uitspraak gelewer is en die voorlopige bevel gemaak is het die respondent 'n aanvullende antwoordende eedsverklaring geliasseer waarop die applikant gerepliseer het. 10
3. In die aanvullende antwoordende eedsverklaring betwis die respondent steeds die kwantum van die applikant se vordering teen hom. Ek het reeds genoem in die vorige uitspraak dat die respondent gedurende Junie 2010 deur middel van 'n skuldberader, 'n skuldherstrukturering voorstel in terme van die Nasionale Kredietwet, 34 van 2005, aan sy skuldeisers gestuur het. In daardie voorstel is die respondent se verskuldigheid aan die applikant aangedui as R800 000,00. Ek het in paragraaf 13.3 van die vorige uitspraak gemeld dat daar moontlik 'n berekeningsfout ingeslyp het met die afbetalingstermyn in die voorstel. Dit blyk nou dat daar wel 'n foutiewe berekening was. Die respondent het in sy aanvullende antwoordende eedsverklaring aangeheg aansoekstukke geliasseer by die Klerk van die Hof in Hay op 6 Augustus 2010 waarin hy onder andere aansoek doen vir die herstrukturering van sy skuld ingevolge 'n skuldherstrukturering plan aangeheg tot die aansoekstukke. In daardie herstrukturering plan word sy verskuldigheid aan die applikant weereens aangetoon as R800 000,00 alhoewel nou met 'n beter paaiement en 'n langer afbetalingsperiode. Ek kan my kwalik indink dat 'n persoon aansoek sal doen vir 'n 15 20 25



hofbevel om skuld af te betaal op 'n sekere wyse as hy nie die geld skuld nie.

4. Ek meen die beweerde klein berekeningsfoute wat die respondent uitwys in die rekeningstaat aangeheg tot die applikant se hoof repliserende eedsverklaring is voldoende verduidelik in die aanvullende repliserende eedsverklaring en is in elk geval net 'n-onnodige haarklowery aan die kant van die respondent. Die feit bly staan dat die respondent onder eed erken het in aansoekstukke voor die Landdroshof dat hy R800 000,00 aan die applikant verskuldig is.

10

15

5. 'n Verdere punt gemaak deur die respondent is dat ek fouteer het deur te bevind in die voorlopige sekwestrasieverrigtinge dat die skuldherstruktureringsvoorstel 'n daad van insolvensie ingevolge artikel 8(g) van die Insolvensiewet, 24 van 1936, daarstel. Mnr. Kruger wat namens die respondent verskyn het, het in hierdie verband verwys na die ongerapporteerde uitspraak van Bhikha WnR in die saak van *Nedbank Ltd v Maxwell*, South Gauteng High Court, saak nr 18 027/2010. In daardie saak is bevind dat die doel van die Nasionale Kredietwet verydel sal word indien bevind word dat 'n aansoek om skuldherstrukturering 'n daad van insolvensie daarstel. In paragrawe 11 tot 13 van die uitspraak word die volgende gesê:

20

25

"Clearly, in taking advantage of a debt-review process, and further the intention encapsulated in the application to a court for the debt restructuring should not prejudice or in my mind

impute an inability or unwillingness to pay. In fact the contrary intention is evidenced by this process – the debtor indicated her clear and unequivocal intention to pay in accordance with the manner and over the period as ordered. . . .

. . . . When the respondent exercises an option proposed per notice in terms of section 129, the argument that this then is the required communication in writing to any one of the creditors that the debtor is unable to pay her debts, cannot and should not be supported, in principle.

If this submission is accepted the very purpose of the NCA is defeated."

6. Ek kan myself met respek nie vereenselwig met die mening gehuldig deur Bhikha WnR nie. Ek het reeds in paragrawe 11 tot 14 van my vorige uitspraak redes aangevoer waarom ek van oordeel is dat die skuldherstruktureringsvoorstel 'n daad van insolvensie daarstel. Ek kan maar net bykomend hiertoe aanhaal uit die uitspraak van Wallis R, soos hy toe was, in die saak van *Firstrand Bank Ltd v Evans 2011(4) SA 597 (KZN)*, te paragraaf 25 daarvan:

"In Naidoo v Absa [2010(4) SA 597 (SCA)] Bank it was held that sequestration proceedings are not regal proceedings to enforce the agreement within the meaning of section 129(1)(b) of the NCA. In reaching that conclusion Cachalia JA expressly approved the reasoning of Trengove AJ in Investec Bank Limited and Another v Mutemeri and Another [2010(1) SA 265

(GSJ)] that had led to that same conclusion. That reasoning also led Trengove AJ to conclude that sequestration proceedings are not proceedings "in respect of a credit agreement" within the meaning of section 130(3) of the Act or an endeavor to exercise or enforce by litigation or other judicial process any right or security under the credit agreement as referred to in section 88(3) of NCA. I agree with these conclusions and the reasoning by which they were arrived at. I would add only that it avoids what would otherwise be the very odd conclusion that the NCA operates to preclude credit providers from sequestrating the estates of their debtors, but does not prevent other creditors from doing so. If sequestration of a persons estate whilst they are under debt review was to be rendered impermissible there appears to be no sound reason why it should be available to creditors who are not credit providers under the NCA. Conversely there is no obvious reason why credit providers should be a class of creditor excluded from invoking the mechanisms of the Insolvency Act."

10

15

20

7. Voorts is daar namens die respondent betoog dat al sou ek bevind dat daar aan die bepalings van artikel 12(1) van die Insolvensiewet voldoen is, dat ek my diskresie moet uitoefen en die voorlopige sekwestrasiebevel ophef in die lig daarvan:

25

- 7.1 dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die Landdroshof te Hay in die oorweging van die aansoek om kredietherstrukturering ook kan verklaar dat die

kredietooreenkomste tussen die partye op roekelose kredietverlening neerkom ingevolge die bepalings van artikel 83(1) van die Kredietwet; en

7.2 dat die respondent 'n aansienlike teeneis het teen die applikant.

10

8. Wat opvallend is ten opsigte van die bewering van roekelose skuldverlening is dat dit vir die eerste keer ter sprake kom in die aanvullende antwoordende eedsverklaring. In die respondent se eedsverklaring in die Landdroshof ter ondersteuning van die skuldherstrukturingsaansoek meld hy dat hy nie sy maandelikse finansiële verpligting kan nakom nie aangesien hy nie meer dieselfde inkomste verdien as toe hy die skuldooreenkomste aangegaan het nie. Die afleiding wat hieruit gemaak moet word is dat hy wel ten tye van die aangaan van die skuldooreenkomste in staat was om sy finansiële verpligtinge na te kom.

15

20

9. In die aanvanklike antwoordende eedsverklaring hierin maak die respondent ook die bewering dat hy onroerende eiendom besit wat gewaardeer is vir ongeveer R5 miljoen. Ek meen dat die bewering dat daar 'n sterk moontlikheid is dat die Landdroshof in hierdie omstandighede, en selfs sonder dat die regshulp aangevra is, sal verklaar dat hier roekelose skuldverlening plaasgevind het ongegrond is en heel duidelik slegs 'n laaste verbete poging is om die sekwestrasie te frustreer.

25



10. Ek huldig 'n soortgelyke mening ten opsigte van die beweerde teeneis. In die aanvanklike antwoordende eedsverklaring het die respondent sy voornemende teeneis geskat op ongeveer R200 000,00. Die eisbedrag het met die aflê van die aanvullende antwoordende eedsverklaring gestyg tot die astronomiese bedrag van R1.9 miljoen. Die respondent verduidelik dat hy aanvanklik slegs sy eis gebasseer het op skade wat hy gely het voortspruitend uit die applikant se nie-nakoming van die terme van die veilingskraalkontrak, maar intussen geadviseer is dat hy ook kan steun op skade gely as gevolg van die applikant se nie-nakoming van die voerkraalkontrak tussen hulle aangegaan.
11. Hierdie verduideliking vir die versuim is na my mening onaanvaarbaar wanneer in ag geneem word die groot bedrae geld wat ter sprake is. 'n Persoon in die posisie van die respondent, wat nie sy skuld kan betaal nie, sou nooit op sy louere gerus het indien hy werklik so 'n groot eis teen die applikant gehad het nie. Die ontoereikendheid van die inligting wat voor die hof geplaas is in verband met die teeneis dra ook verder by tot my opnie dat dit nie 'n *bona fide* eis is nie. Sien *National Milling Co Ltd v Scotia Bakery* 1954(2) SA 90(SR).
12. In die omstandighede was ek van oordeel dat daar voeldoen is aan die bepalinge van artikel 12(1) van die Insolvensiewet en dat daar geen rede bestaan het om my diskresie ten gunste van die respondent uit te oefen nie.

10

15

20

25

C.C. Williams

C.C WILLIAMS
REGTER

10

Nms.Applikant: Adv. De Bruin SC
i.o.v. Van de Wall en Vennote

15

Nms. Respondent: Adv. JE Kruger
i.o.v. Haarhoffs Ing.

20

25

De Bruin